

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

VISIE:

Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.

VISION:

Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.



KERN WAARDES / CORE VALUES

We are all part of Bergrivier Municipality.
We render good services to ensure dignified living to all.
We are unashamedly pro-poor.
We believe in close innovative partnerships.
We believe in social and economic development of our area.
We care about our work and our colleagues.
We are disciplined.
We believe in good relationships.
We serve with pride.

NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 11 APRIL 2017 OM 11:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG

LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD

Rdh. A de Vries	[DA]	-	Speaker
Rdh. EB Manuel	[DA]	-	Uitvoerende Burgemeester
Rdd. SM Crafford	[DA]	-	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdh. RM van Rooy	[DA]		
Rdh. JJ Josephus	[DA]		
Rdl. J Daniels	[DA]		
Rdl. AJ du Plooy	[DA]		
Rdl. MA Wessels	[DA]		
Rdl. A Small (Me.)	[DA]		
Rdl. SS Lesch (Me.)	[ANC]		
Rdd. SIJ Smit	[ANC]		
Rdl. SR Claassen	[ANC]		

AMPTENARE

Adv. H Linde	-	Munisipale Bestuurder
Mnr. JWA Kotzee	-	Direkteur Korporatiewe Dienste
Mnr. Mnr. GJ Goliath	-	Direkteur Finansiële Dienste
Mnr. H Kröhn	-	Direkteur Tegniiese Dienste
Mev. JS Erasmus	-	Interne Ouditeur
Mev. A van Sittert	-	Bestuurder: Strategiese Dienste
Mnr. W Wagener	-	Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling
Mnr. NJ Scheepers	-	Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste
Me. AA Somers	-	Klerk: Komitee Dienste

AKSIE

RVN001/04/2017

OPENING EN VERWELKOMING

Die Direkteur Finansiële Dienste open die vergadering met gebed, waarna die Speaker almal verwelkom. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die nuut aangestelde Direkteur Finansiële Dienste en hy word sterkte toegewens.



NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG
11 APRIL 2017 OM 11:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

RVN002/04/2017

AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID

3/3/1/4

Rdh. J Swart - verskoning

RVN003/04/2017

VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)

3/3/1/6

Die Munisipale Bestuurder noem dat alle Raadslede 'n kollektiewe belang het met betrekking tot item 011 in die agenda.

Alle Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot items in die agenda, het nie.

RVN004/04/2017

BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

3/3/2/2

Geen

RVN005/04/2017

IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE

3/3/2/2

Geen

RVN006/04/2017

SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

3/3/2/2

Geen

RVN007/04/2017

VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER

3/3/1/6

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende verklaring/mededelings:

- dat Bergvliet Munisipaliteit 'n nuwe brandweervoertuig ontvang het vanaf Provinsie;
- dat Bergvliet Munisipaliteit 'n trofee en goue sertifikaat ontvang het vir die skoon oudit prestasie behaal vir die 2015/2016 finansiële jaar; en



NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG
11 APRIL 2017 OM 11:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

- dat die verteenwoordigende Raadslede by Weskus Distriksmunisipaliteit, Bergrivier Munisipaliteit se gelukwensing oordra vir hul skoon ouditprestasie behaal vir die afgelope 6jaar agtereenvolgend.

Die Uitvoerende Burgemeester wens die Munisipale Bestuurder namens die volle raad geluk en sterkte toe met haar verjaarsdag en bedank haar vir die leiding wat sy neem in die administrasie.

RVN008/04/2017
ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS
3/3/1/5

Geen

RVN009/04/2017
MOSIES / VRAE
3/3/1/1, 3/3/1/2

Geen

RVN010/04/2017
DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER
9/1/2

Geen

RVN011/04/2017
VASSTELLING VAN RAADSLID VERGOEDING, TOELAES EN VOORDELE 2016/2017
15/1/5/5

(’n Vervangende verslag word ter tafel gelê – Bylae A)

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en neem die komitee deur die verslag en gewysigde aanbeveling.

Verdere insette, vrae en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder maak verskoning, namens COGTA, dat die verhoging voltydse Raadslede uitsluit. Voorts meld sy dat sy die aangeleentheid op ’n ander toepaslike forum sal bespreek.

Ten slotte onderneem die Munisipale Bestuurder om die onderstaande raadsbesluit teen Woensdag 12 April 2017 aan die Provinsiale Minister te stuur vir sy oorweging.



NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG
11 APRIL 2017 OM 11:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem

BESLUIT

1. Dat die algemene bo-perke van die verhoging, soos gepubliseer in die Goewermentskennisgewing No. R313 in Staatskoerant 40763 gedateer 03 April 2017, terugwerkend vanaf 01 Julie 2016 aanvaar word;
2. Dat aangesien die begroting vir die boekjaar 2016/2017 vir bogenoemde voorsiening maak, die salarispakette soos volg geïmplementeer word:

2.1. Totale vergoedingspakket:

Graad 3	Uitvoerende Burgemeester (voltydse raadslid)	Uitvoerende Onderburgemeester / Speaker (Voltydse raadslid)	Lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee (Voltydse raadslid)	Deeltydse Raadslede	Voorsitter Artikel 79 Komitees Deeltydse Raadslede
	Totale Salarispakket R 758 012	Totale Salarispakket R 606 410	Totale Salarispakket R 568 510	Totale Salarispakket R 237 620	Totale Salarispakket R 304 945

**DIREKTEUR
KORPORATIEWE
DIENSTE**

- 2.2 Dat raadslede 'n maandelikse selfoontoelaag soos volg ontvang, naamlik: Uitvoerende Burgemeester, Onderburgemeester, Speaker en ander Raadslede: **R 1 900.00**;

3. Dat gebaseer op die huidige finansiële prestasie en inkomste tendens, is die verhoging in raadslede vergoeding bekostigbaar; en
4. Dat die Raad se besluit aan die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering voorgelê word vir finale goedkeuring voor implementering.

RVN012/04/2017

BESLUIE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

Geen



NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG
11 APRIL 2017 OM 11:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

RVN013/04/2017

**BESLUIT VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE
BURGEMEESTERSKOMITEE**

Geen

RVN014/04/2017

AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD

Geen

RVN015/04/2017

**BESLUIT INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS,
TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:45
BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

**VOORSITTER
(SPEAKER)**

DATUM
